NWK-GROEP

UITSTEKENDE HALFJAARRESULTATE VIR NWK

Die afgelope seisoen, wat geken was deur uiterste droogtetoestande met lae graanontvangstes, het enersyds vir NWK 'n gevoelige slag toegedien in die graanbedryf, maar andersyds het die nywerhede en ander vertakkings van NWK uitstekende resultate getoon met die gevolg dat NWK vir die halfjaar onder oorsig 'n wins voor belasting van R53,7 miljoen getoon het, wat 76,8% hoër is as die ooreenstemmende tydperk vir die vorige finansiële jaar.

Die swak oeste as gevolg van die droogte het ook ons kliënte se finansiële posisie onder druk geplaas en het NWK 'n skema in plek gestel om die finansiële las uit te stel. Hierdie skema het ook gelei tot 'n drastiese styging in debiteure, met 'n gepaardgaande styging in finansieringskoste vir die Groep. Die voorraadwaardes van die Groep het ook aansienlik gestyg en is hoofsaaklik toeskryfbaar aan die hoër kommoditeitspryse wat geheers het in die tydperk onder oorsig. NWK het in die vorige finansiële jaar die volle belang in Noordwes Voere verkry, en het die filiaal ook 'n wesenlike bydrae gelewer tot die winsgewendheid van die Groep. Die verkoop van die Mercedes- Benzmotoragentskap is ook gedurende die oorsigtydperk afgehandel.

VOORUITSKOUING

Die vroeë reën en die verwagting dat die komende produksieseisoen meer normaal gaan wees, ook gekoppel aan hoë kommoditeitspryse, maak die vooruitsigte vir die tweede helfte van die finansiële jaar baie positief, so ook vir die volgende finansiële jaar. Die aansienlike prysstygings ten opsigte van insetmiddele en gepaardgaande rentekoersstygings sal egter 'n demper plaas op die winsgewendheid van graanboerdery.

Baie dankie aan ons kliënte, personeel en ander besigheidsvennote vir u bydrae tot die goeie finansiële prestasie van NWK vir die tydperk onder oorsig.

Uitgereik: Dinsdag 6 November 2007 te Lichtenburg

2007-11-06
TER/av